

RENOSTER REEKS – DEEL 1 (Geskiedenis)

Die geskiedkundige sukses wat Suid-Afrika behaal het om die witrenoster van uitwissing te red is wêreld bekend. Die getalle aan die begin van die 1900's was geraam om minder as honderd diere te wees. Simon, 'n wetenskaplike, noem gedurende 1966 dat daar hoofsaaklik vier redes was hoekom die renoster getalle so laag was; “....*it was easy to approach and kill, the flesh was highly esteemed for its tastiness, the skin was prized for the making of whips and the horns were of value overseas.*” Die laaste diere was aan die begin van die vorige eeu in die Umfolozi/Hluhluwe natuurreservate in die destydse Natal aangetref en was dit die voormalige Natalse Parkeraad wat verantwoordelik was vir die beskerming van hierdie diere. Die tsetsevlieg het waarskynlik ook sy beskeie rol gespeel om die renosters te bewaar omdat dit vir die destydse jagters en hulle ossewaens uit die gebied gehou het. Die tsetsevlieg is 'n draer van ngana, 'n bloedparasiet wat dodelik is vir beeste. Die geraamde getalle van witrenosters en jaar word in **Tabel 1** aangetoon.

Selous, die bekende jagter skryf in 1908 soos volg; “*In South Africa the black and white rhinoceros has been almost absolutely exterminated during the last sixty years. During that period, thousands upon thousands of these animals have been killed.....*” Hy onthou ook van vyf ekspedisies van ene Oswell wat tussen 1844 – 1853 groot getalle wit- en swartrenosters geskiet het. Een handelaar het 400 gewere en ammunisie aan die plaaslike bevolking gegee om alle wilde diere te jag en daar was altyd baie renosterhoring in sy store.

Op 13 Oktober 1961 word die eerste twee witrenosters weer hervestig in die Nasionale Krugerwildtuin. Die eerste witrenoster wat weer buite die grense van KwaZulu Natal gebore is, was op Loskopdam Provinsiale Natuurreservaat op 11 Augustus 1964. Hierdie was 'n merkwaardige gebeurtenis omdat dit die eerste kalf is wat in die Transvaal gebore was sedert 1896. Hierdie prestasies kon slegs behaal word met die wildvang tegnieke wat deur pioniers soos Dr. Toni Harthoorn, Dr. Tol Pienaar en Dr. Ian Player ontwikkel was.

Die geskiedenis van die bevolkingsgroei van renosters kan in vyf periodes verdeel word; 1810 – 1900: jagters verminder die diere se getalle tot minder as 100 diere in die destydse Zoeloeland.

1901 – 1960: Die bevolking in die Umfolozi/Hluhluwe natuurreservate herstel en is van die gevaarlyk verwyder.

1961 – 1970: Die herbevolking van renosters geskied in ander Afrika state se parke en oorsese dieretuine en safari parke.

1971 – 1985: Die herbevolking van ander geskikte natuurreservate in staatsbesit in Suid-Afrika en enkele geselekteerde privaat eiendomme.

1986 - 2011: Renosters word per openbare veilings en op tenders verkoop.

Die getal witrenosters wat deur die eertydse Natalse Parkeraad uitgevoer was vir die periode 1960 – 1971 word in **Tabel 2** weergegee. Die filosofie om nie al jou eiers in een mandjie te plaas nie was destyds die uitgangspunt van die Suid-Afrikaanse bewaringsowerhede. Wanneer die bevolkingsgroei van 6.1% wat deur die Suid-Afrikaanse renosterboere bereik was gebruik word moes ander Afrika lande 7 267 en oorsese lande 10 562 witrenosters gedurende 2005 gehad het. Hierdie uitvoerprogram was dus nie suksesvol nie en wys dat daar vandag 17 829 meer witrenosters in die wêreld sou gewees het as die Suid-Afrikaanse boere eerste witrenosters sou ontvang het voor die buiteland. In Afrika was hervestiging van witrenosters in Namibië, Swaziland en Kenia suksesvol, maar minder suksesvol in Botswana waar die witrenoster reeds twee keer uitgesterf het. Die diere doen egter vandag baie goed in Botswana onder sterk bewaringspogings deur President Ian Khama. Twee presidente wat openlik ‘n “skiet wilddiewe dood beleid” uitgevoer het was President Robert Mugabe en President Ian Khama.

Die eerste witrenosters wat op privaat grond in Suid-Afrika hervestig is, ‘n bul en ‘n koei op die Ubizane wildplaas van mnr. Norman Deane in KwaZulu-Natal, was op 25 Julie en 3 Augustus 1967 onderskeidelik. Die eiendom het vandag nog witrenosters. Vanaf 1979 was witrenosters vir die eerste keer verkoop vir ‘n bedrag van R800 per dier aan privaatboere op ‘n waglys wie se grond aan die ekologiese vereistes voldoen het. Gedurende 1971 was die eerste surplus bulle verkoop vir jag doeleindes. Die getalle witrenosters op privaat eiendom het geleidelik toegeneem van 80 diere in 1984 tot 4000 in 2008 en die resultate word in **Tabel 3** weergee.

Die getalle witrenosters vir 2008 op privaat eiendom word in **Figuur 1** weergee. Die gestreepte gedeeltes dui op die natuurlike verspreidingsgebied van witrenosters. Dit toon dat daar tans ongeveer ten minste 700 diere voorkom buite hulle natuurlike verspreidingsgebied en is dit ‘n illustrasie van die impak wat boere kan speel in die bewaring van ‘n skaars diersoort. Aan die einde van 2005 was daar 15 000 witrenosters in die wêreld waarvan 69.7% aan die Suid-Afrikaanse regering, 22.1% aan die Suid-Afrikaanse boere, 6.8% aan ander Afrika lande en 1.4% aan dieretuine behoort het, wat boere die tweede grootste aandeelhouders maak van ‘n internasionale bate.

Tabel 1: Geskiedkundige bevolkingsgroeï van witrenosters in Suid-Afrika.

Datum	1903	1916	1929	1932	1938	1953	1968	1987	1995	1997	1999	2001	2005	2008
Totaal renosters	15	30	120	220	300	437	1800	4126	6670	7292	7913	10988	13521	18900

Tabel 2: Die werklike bevolkingsgroeï van witrenosters wat hervestig was deur die voormalige Natalse Parkeraad in vergelyking met die geraamde bevolkingsgroeï soos wat deur die privaat wildboere in Suid-Afrika bereik is.


	UITVOER 1971	GERAAMDE GETALLE (2005)	WERKLIKE GETALLE (2005)	TEKORT GETALLE (2005)
Afrika	229	8 276	1 009	7 267
Oorsese Lande	298	10 769	207	10 562
Totaal	527	19 045	1 216	17 829

Tabel 3: Bevolkingsgroeï en aantal eiendomme van witrenosters op privaat eiendom in Suid-Afrika

Datum	1984	1987	1995	1997	1999	2001	2005	2008
Aantal Witrenosters	80	931	1445	1742	1922	2543	3247	4000
Aantal Eiendomme		103	153	165	164	242	318	395



Foto 1: Dr. Toni Harthoorn die pionier wildvangveearts by die eerste olifant wat in Afrika deur M99 verdowingsmiddel gevang is. Dit is te danke aan veeartse wat immobilisasie van renosters ontwikkel het dat diere op groot skaal veilig gevang en vervoer kon word met hervestiging van diere. (Bron Dr. R van der Westhuizen)



Figuur 1: Die getalle witrenosters in 2008 op privaat eiendom per provinsie (Bron: Louis van Schalkwyk)